Kenridge kinders gee om

23 April 2014 is *Wêreld Boeke Dag* en as deel van die Kenridge Gee Om Inisiatief wil ons 'n volledige **Biblioteek aan The Valley Skool** skenk.

kApOw! 'instant' Bib

Skenk nuwe of goeie 2de handse boeke deur dit skool toe te bring vanaf 23 April!

Hee-Haa!

Lekker!

WORLD BOOK DAY

Julle klasprefek sal julle eersdaags meer vertel van die kinder- en naslaanboeke wat julle kan skenk!

Ouers: Kenridge Gee Om

April 2014

Geagte Ouers

Ons Karakter Program is in volle swang hier by Kenridge. Volgende week skuif ons aan na **Omgee**. Een van ons fokuspunte vir hier karaktereienskap is **Omgee vir jou Gemeenskap**.

Verlede jaar het ons leerders (en ouers) **1 000 paar skoene** geskenk tydens ons Kenridge Gee Om inisiatief! Ons gemeenskap (The Valley skool, Badisa en ons eie onderhoudspersoneel) was totaal oorweldig deur julle vrygewigheid.

Vanjaar wil ons 'n **volledige biblioteek aan Die Valley Primêre Skool skenk**. Ons is almal geseënd met boeke in ons lewens, kom ons deel dit!

Vanaf **Woensdag 23 – Vrydag 25 April** samel ons boeke in by die skool. Julle kan nuwe of tweedehandse boeke wat in 'n goeie toestand is, skenk. Tydskrifte is ook baie welkom.

Alle kinderboeke is welkom. Kinderstories (vanaf een-sin stories) tot boeke geskik vir tieners bv. naslaan, wetenskap en reisboeke word benodig. Soortgelyke tydskrifte wat vir skoolprojekte gebruik kan word, is ook welkom. Ons vertrou dat ons ouers goeie oordeel aan die dag sal lê in die keuse van boeke en/of tydskrifte.

'n Uitstalling van Lapa Boeke sal **Woensdag 23 April 2014** met geskikte boeke beskikbaar wees by die skool. Indien julle verkies om 'n nuwe boek/e te skenk kan julle saam met jul kinders boeke kom koop of hulle stuur om self 'n boek/e te koop om te skenk.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op julle ondersteuning vir hierdie waardige inisiatief!

Kenridge Laerskool

N.S. Is daar enige boekwurms of bibliofiele in die omgewing?
Ons gaan hulp nodig hê om die boeke uit te sorteer en gereed te kry vir die biblioteek. Hou asseblief SC dop vir wanneer die noodkreet kom!